Veiling

Tydens die keuring is 61 bulle uit 'n totaal van 150 gekeur waarvan daar weer 50 op die veiling aangebied sal word. Volgens die keurders, mnre Willie Watermeyer en Johan Uys, is die bulle van baie hoë standaard en nog beter as die van verlede jaar. Beide data van VBSA en BLUP syfers van die bulle sal beskikbaar wees.

LW Beide die inligtingsdag en die veiling word op die plaas Hartebeesvlakte aangebied.

Voerkraalnuus

Soos die geval is met meeste beesboere, gaan 'n groot presentasie van ons speenkalwers ook na voerkrale. Ons het die volgende terugvoering van mnr JFI Brecher van die Onverwacht Voerkraal van Pongola ontvang:

"Hiermee bevestig ons dat Neuman Broers van Vrede 227 speenkalwers aan ons verskaf het gedurende Maart 2008. Die kalwers het goed presteer onder ons omstandighede en 'n GDT van 1.78 kg / dag behaal. Die algemene gesondheid van die kalwers was binne die perke wat ons stel vir beeste in die kraal. Ons was baie tevrede met die prestasie en sien uit daarna om weer van mnre Neuman se kalwers te kry"

Gedurende die herfs van 2008 het ons 1526 kalwers aan Karan Voerkrale gelewer. Hierdie kalwers het 'n gemiddelde GDT van 1640g/dag gehad wat beter was as die voerkraal gemiddeld. Die mortaliteit was 0.59% wat laer was as die voerkraal se 0.66% - 'n verdere bewys dat Drakensbergers uitstekend doen in die voerkraal.

NEUMAN DRAKENSBERGERS

... DIS MOS BEES ...

Verder: Drakensbergers wat geselekteer is vir groei op veld se nageslag groei ook goed in die voerkrale.

Ouerskapverifikasie-toets

Soos meeste stoettelers bewus is, doen SA Stambock en Diensverbeteringsvereniging gereeld ewekansige ouerskaptoetse by telers om te bepaal of hul rekordhouding korrek is. Neuman Broers se kudde is op 13 November 2008 getoets en ons is baie trots daarop dat ons gemelde kontrole toets met die eerste toetsing suksesvol geslaag het. Die sertifikaat wat ons ontvang het is 'n bewys en 'n bevestiging van die akkuraatheid van ons rekordhouding.

Uit die verlede

Ons het onlangs in besit gekom van 'n artikel wat in die Potchefstroom Nuus van 28 Augustus 1963 verskyn het, getitel :
" Die belangrike ontwikkeling van die Uys-bees". Die artikel is geskryf deur CJ Uys. Ons sal met elke Nuusbrief probeer om 'n gedeelte van hierdie interessante artikel te plaas. Aangesien ons tans in besit is van die plaas "Goedgenoeg" in die Memel-distrik, plaas ons hier 'n gedeelte wat 'n baie bekende Uysbeesteler van daardie tyd, mnr MJ Uys ook bekend as Thys Goedgenoeg" gesê het:

"Sommige van my kritici teel beeste met varkhaar, plat ribbes en geen konstitusie nie. Ek teel gans iets anders, naamlik 'n blink gladdehaar Uys-bees met 'n ruim gevulde broek, diep vierkantige lyf, redelike prominente skof, prominente biltongvleis dwarsoor sy rug en goed gevleis rondom sy lyf en met 'n vriendelike, mak voorkoms en 'n trotse stap".

Ek dink ons kan baie van hierdie eienskappe vandag in ons eie beeste waarneem.

Die toekoms

Ons ideaal is steeds om swaar speenkalwers van die veld af te produseer. Ons kalwers presteer beide op veld en in die voerkraal. Verder weet ons dat die bees 'n herkouer is wat in staat is om onbenutbare produkte vir die mens (veld en voer) om te skakel na benutbare produkte (vleis en melk). Volgehoue ekonomiese beesvleisproduksie is alleenlik moontlik vanaf die veld.
'n Veiling se sukses word gemeet in die kliënte wat terug kom om weer te koop. Dit is belangriker om ons bestaande kliënte tevrede te hou as om deurgans nuwe kliënte te soek.

VELDBUL SUIDELIKE AFRIKA
VELDBUL SA
www.vb-sa.co.za